# IN MEMORIAM

## ELBERT LUCAS (TOT) DE KOCK
## 1924-1996

*L Cilliers (Universiteit van die Vrystaat)*

'n Geliefde figuur in die Klassieke wêreld is ons ontneem. Elbert Lucas (Tot) de Kock, wat ná sy aftrede twee en 'n half gelukkige jare saam met sy vrou, Grace, in die idilliese Oos Transvaalse omgewing van Nylstroom deurgebring het, is op 30 Januarie 1996 ná 'n kort siekbed aan kanker oorlede.

Prof Tot de Kock was 'n briljante student en het al sy grade tot en met sy MA aan die Universiteit van Pretoria met lof geslaag; daarna is hy na Nederland waar hy sy doktorsgraad in Klassieke Lettere aan die Rijkuniversiteit te Leiden verwerf het. Sy studie in Nederland het 'n groot invloed op sy lewe gehad; sy vorming as akademikus en klassikus hier het meegebring dat hy geweldige hoë standaarde aan homself en ook aan sy studente gestel het. In Leiden is ook lewenslange vriendskappe gesluit met verskeie mede-Suid-Afrikaners wat in na-oorlogse jare oorsee studeer het, vriendskappe wat terug in Suid-Afrika gelei het tot 'n samehorigheid onder Klassieke departemente wat tevore baie geïsoleerd bestaan het.

Na verskeie jare as lektor en toe as senior lektor aan die Universiteit van Pretoria het hy, soos hyself vertel, met angs en bewing die pos van departementshoof aan die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg aanvaar. Dié Afrikaanse pastorieseun met sy vaste beginsels het egter baie gou by Engelse kollegas en studente respek afgedwing met sy vakkennis, en namate hulle hom beter leer ken het, het hy ook hulle liefde gewen. Die Engelse taal het hy egter nooit heeltemal idiomaties leer gebruik nie, en hy het maar verleë saamgelag vir sy foute. So het hy by 'n besigheidsvergadering van die KVSA voorgestel "that this item should be scratched from the constitution", en mev de Kock vertel, dat hy by 'n jaarvergadering waar hy 'n sekere dame aan die woord moes stel, gesê dat dit vir hom baie moeilik is, "since we have only known each other intimately for the last two days"!

Na 6 jare aan die Universiteit van Natal het hy die departementshoofskap aan die pasgestigte Randse Afrikaanse Universiteit opgeneem. As grondlegger van die Departement Klassieke Tale het hy ook hier gou diep spore getrap, en het hy met die hoë ideale wat hy vir die uitbou van die Klassieke nagestreef het, beide die groep jong dosente in die nuwe departement en ook die studente besiel. 'n Kennis van vreemde tale om internasionaal by te bly, was vir hom vanselfsprekend; in hierdie verband en met verwysing na redelik moeilik leesbare handskrif, het die sekretaresse van die departement die opmerking gemaak dat sy ses tale kan tik: Afrikaans, Engels, Duits, Latyn, Grieks en De Kock. Met die rekenaar het hy egter min geduld gehad—slegs enkele weke nadat 'n kollega met moeite vir hom 'n rekenaarprogram geïnstalleer het, het hy laat weet dat die rekenaar vir hom sê dat die hardeskyf vol is. Nadere ondersoek bring toe aan die lig dat die rekenaar vir etlike dae lank aan was met 'n boek wat per ongeluk op die toetsbord gelê het!

As akademikus was hy baie eerlik en het nêrens kortpaadjies probeer vat nie; wanneer hy egter eenmaal 'n siening omtrent 'n saak gehad het, is hy moeilik oortuig dat nuwe navorsing 'n aanpassing in sienswyse genoodsaak. So het ons tydens die skryf van die *Aristoteles, Poëtika* eers by die finale proewe ooreenstemming kon bereik oor die vertaling van die begrip *mimesis*. Die verwerwing van die Akademieprys vir hierdie werk was vir hom een van die hoogtepunte van sy akademiese loopbaan—maar steeds met albei voete op die aarde het hy dit gewaag om tydens die oorhandigingsplegtigheid in sy dankwoorde vir die deurlugtige gaste te sê dat dié boek 'n winskopie is—vir die prys van die boek kan 'n mens meer as 'n halwe skaap koop!

Prof de Kock was 'n veelsydige persoon, en het graag verwys na sy jeugjare toe hy 'n uitstekende orrelis was. As sportman het hy veral in rugby uitgeblink, en hom later jare op afrigting toegelê: so het Tukkies se tweedespan en ook later koshuisspanne baie goed gevaar onder sy afrigting. Hy het selfs, soos hy met die tong in die kies vertel het, "internasionale rugby" gespeel toe daar in Leiden 'n rugbyspan van Suid-Afrikaanse studente opgemaak is wat teen 'n span van Nederlandse studente gespeel het.

Sy bynaam "Tot" het hy op universiteit vir homself verwerf met sy humorsin: tydens die ontgroening op Tukkies moes hy saam met sy mede-Ienks in 'n ry van van groot na klein staan en moes hulle hulself op eg militêre manier nommer. Aangesien die student langs hom ongeveer net so lank soos hy was, gee hy toe vir homself die nommer "36 en 'n tot"—en verkry summier vir homself dié bynaam wat hom lewenslank sou bybly.

Vrouvat was op 'n heel wetenskaplike maar oorspronklike wyse benader. Toe die jong Grace Endeman 'n Sielkunde werkstuk by prof Daan Swiegers wou gaan inhandig, maar hom nie tuis gevind het nie, het sy by die deur langsaan aangeklop wat die woonstel van Tot de Kock was. Alhoewel die jong dosent dadelik sy hart verloor het, het hy eers sy kollega Daan gevra om te gaan uitvind wat die pragtige jong dame se IK is voordat hy haar uitgevra het!

Só onthou ek prof de Kock—met respek vir sy akademiese integriteit en hoë standaarde, en met liefde vir wat hy vir my en vele ander beteken het as leermeester, departemenshoof, promotor, mentor en bo alles as mens. Want mede as gevolg van sy onvolmaakthede waarvan hy self seker die meeste bewus was, het hy veral in sy later jare 'n innige deernis vir dié om hom gehad. Ons eer sy nagedagtenis—die feit dat hy in 1995 eenparig as Ere-president van die KVSA verkies is, was nie 'n blote formaliteit nie.